3

Dringend

(17)N1/1/2

Mnr. De Beer

89056

HOOFBANTOESAKEKOMMISSARIS,
PRIVAATSAK X0553,
BLOEMFONTEIN.

13 Oktober 1970.

Die Sekretaris van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling,
Posbus 384,
PRETORIA.

SWID-SOTHO : MAKGOLOKWESTAM.

1. Ek sluit afskrifte in van drie briewe op my lêer in verband met die Makgolokwestam.

2. Aangesien ek onseker is of dit die aangewese weg is om vergaderings te hou, word die aangeleentheid na u verwys.

3. Wat is die sienswyse van die Etnoloog in verband met hierdie kapteinskap ? Indien hy ook van mening is dat Letsito II van Kestell wel die aangewese persoon is, sal dit dan raadsaam wees om vergaderings te belê waar aangedring kan word op sy erkenning en aanstelling deur die Goewerment. Sal daar grond vir hom en sy stam beskikbaar gestel kan word.

4. Dit sal opgemerk word dat Saul Moloi versoek is om met hierdie kantoor in verbinding te tree en ek sou graag vroegtydig wou weet in watter lig die Departement wens dat die aangeleentheid deur my benader moet word.

P. J. de Beer

HOOFBANTOESAKEKOMMISSARIS : O.V.S.

Beer.

~~H.O. 28/10/70~~

H.O. 20/11/70. MJ

Na mya

8/2/1 - 1

S.W.S. Lubbe

40

Hoofdirekteur,
Basotho ba Borwa-regeringsdiens,
Privaatsak 814,
WITSIESHOEK.
14 September 1970.

Die Hoofbantoesakekommissaris,
~~JOHANNESBURG.~~
BLOEMFONTEIN.
~~GERMISTON.~~

HOOFBANTOESAKEKOMMISSARIS, O.V.S.
PRIVAATSAK/PRIVATE BAG
18 -9- 1970
BLOEMFONTEIN
CHIEF BANTU AFFAIRS COMMISSIONER, O.F.S.

SUID-SOTHO : MAKGOLOKWESTAM.

1. Mna. Saul Moloi, Jay-Bee Cash Store, Orlando East 150, en M. John Maitse, Lerutostraat 688, Zone 8, Meadowlands het op 10/9/1970 n onderhoud gehad met Sy Edele N.C. van R. Sadie, Kommissaris-generaal vir die Suid-Sotho volk in verband met die voorgenome vestiging van die Makgolokwestam in Witsieshoek. Omdat die Makgolokwe, wat blykbaar duisende tel, oor die Vrystaat en Witwatersrand versprei is en nie n erkende Kaptein het wat as mondstuk kan dien nie, het Sy Edele aan die twee verteenwoordigers voorgestel dat hulle een of twee byeenkomste van vooraanstaande Makgolokwe op die Rand en in die Vrystaat reël in verband met die aangeleentheid en om daarna weer met Sy Edele in verbinding te tree.

2. Mna. Saul Moloi is versoek om met u in verbinding te tree en dit word vertrou dat u hulle in dié verband behulpsaam sal wees. Sy Edele het voorgestel dat byeenkomste van sê so 20 - 30 vooraanstaande Makgolokwe gereël word.

HOOFDIREKTEUR.